Handves van Verantwoordelikhede – ‘n Oproep tot Aksie

Die volgende twaalf verantwoordelikhede spruit uit elkeen van die twaalf regte wat in die RSA grondwet vasgelê is.

My verantwoordelikheid om die reg tot *gelykheid* te verseker	Die reg tot gelykheid plaas op my die verantwoordelikheid om: - elke persoon gelyk en regverdig te behandel, en - teen geen persoon op onbillike wyse op grond van ras, geslag, nasionale, etniese of sosiale herkoms, gestremdheid, kultuur, taal, status of voorkoms te diskrimineer nie. Suid-Afrika is ’n diverse samelewing en gelykheid beteken nie eenvormigheid, of dat ons almal dieselfde is nie. Ons land se leuse !KE E:/XARRA //KE beteken juis “Eenheid in verskeidenheid”, en roep ons op tot ’n gemeenskaplike sin van behoort en nasionale trots. Dit vier juis daardie diversiteit wat van ons maak wie ons is. Dit roep ons ook op om ons vriendskap en hartlikheid aan alle volke en nasies te betoon in ons strewe om ’n beter wêreld uit te bou.
My verantwoordelikheid om die reg tot *menswaardigheid* te verseker	Die reg tot menswaardigheid plaas op my die verantwoordelikheid: - om mense met eerbied, respek en waardigheid te behandel, - om goedhartig, meelewend en gevoelig teenoor elke ander mens te wees, insluitende om hulle vriendelik te groet en hoflik met hulle te praat.
My verantwoordelikheid om die reg tot *lewe* te verseker	Die reg tot lewe plaas op my die verantwoordelikheid om: - die lewens van ander te beskerm en te bewaar, - nie die lewens van ander in gevaar te stel deur gevaarlike wapens te dra, roekeloos op te tree of ons wette en reëls te verontagsaam nie, ’n gesonde lewe te lei, deur te oefen, reg te eet, deur nie te rook, alkohol te misbruik, verdowingsmiddels te gebruik, of aan enige onverantwoordelike gedrag deel te neem wat daartoe mag lei dat ek of andere oordraagbare siektes soos MIV of VIGS opdoen nie.
My verantwoordelikheid om die reg tot *gesinsorg of ouerlike sorg* te verseker	Die reg tot ouerlike sorg of versorging plaas op my die verantwoordelikheid om: - my ouers te eer en te respekteer, en hulle behulpsaam te wees,- bedagsaam en lojaal aan my gesin, my broers en susters, my grootouers en familie te wees, - te erken dat liefde ’n langtermyn verbintenis beteken met die verantwoordelikheid om sterk en liefdevolle families te vestig.

My verantwoordelikheid om die reg tot *onderwys* te verseker	Die reg tot onderwys plaas op my die verantwoordelikheid om: - skool gereeld by te woon, om te leer en hard te werk, - respek te betoon aan onderwysers en mede-leerders en met hulle saam te werk, - om by die reëls en die gedragskode van die skool te hou. - Terselfdertyd verplig dit my ouers en versorgers om seker te maak dat ek skool toe gaan en hulle ondersteuning geniet. My onderwysers, weer, word verplig om 'n leerkultuur te bevorder, en dit in hulle onderrig te weerspieël.
My verantwoordelikheid om die reg tot *werk* te verseker	Die reg tot werk plaas op my en alle leerders, ouers, versorgers en onderwysers die verantwoordelikheid om: - hard te werk en om ons beste lewer in wat ons ook al doen, - te erken dat om 'n goeie en suksesvolle lewe te lei, harde werk impliseer, en dat enigiets wat die moeite werd is, slegs volg op harde werk. - te weet dat hierdie reg nooit misbruik mag word om kinders aan arbeid bloot te stel nie.
My verantwoordelikheid om die reg tot *vryheid en sekerheid van die persoon* te verseker	Die reg tot vryheid en sekerheid van die persoon plaas op my die verantwoordelikheid om: - niemand anders seer te maak, te boelie, of te intimideer, of om andere toe te laat om so op te tree nie, en om - alle konflik op 'n vreedsame manier te besleg.
My verantwoordelikheid om die reg tot *besit van eiendom* te verseker	Die reg tot besit van eiendom plaas op my die verantwoordelikheid om: - die eiendom van andere te respekteer, - trots te wees op private en openbare eiendom en om nie dít wat aan andere behoort, te vat nie. - eerlik en regverdig te wees en dat diegene wat het, vryelik aan liefdadigheid en verdienstelike sake sal gee.
My verantwoordelikheid om die reg tot *godsdiensvryheid, oortuiging en mening* te verseker	Die reg tot godsdiensvryheid, oortuiging en mening plaas op my die verantwoordelikheid of plig om: - ander toe te laat om die godsdiens van hulle keuse te beoefen, en om hulle eie geloof en menings sonder vooroordeel of vrees te kan uitspreek, - om die oortuigings en menings van ander te respekteer, asook hulle reg om daaraan uitdrukking te kan gee, selfs wanneer ons sterk daarvan verskil. Dit vorm een van die pilare van die moderne demokrasie.
My verantwoordelikheid om te *leef in 'n veilige omgewing* te verseker	Die reg om te leef in 'n veilige omgewing plaas op my die verantwoordelikheid om:

	- 'n volhoubare ontwikkeling te bevorder, asook die bewaring van die natuurlike omgewing, - die diere- en plantelewe te beskerm, om besoedeling te voorkom, nie rommel te strooi nie, te verseker dat ons huis, skole, strate en ander openbare plekke skoon en netjies gehou word, - binne die konteks van klimaatverandering te verseker dat ons nie natuurlike of skaars hulpbronne, soos water en elektrisiteit, vermors nie.
My verantwoordelikheid om die reg tot *burgerskap* te verseker	Die reg tot burgerskap plaas op ons elkeen die verantwoordelikheid om goeie en lojale Suid-Afrikaners te wees. Dit beteken dat ons verantwoordelik is om: - die wette van ons land te gehoorsaam, - te verseker dat ander persone dit ook doen, en - op elke denkbare wyse by te dra tot 'n suksesvolle Suid-Afrika.
My verantwoordelikheid om die reg tot *vryheid van uitdrukking* te verseker	Die reg tot vryheid van uitdrukking is nie onbeperk nie; dit verskaf nie aan ons die reg om: - standpunte wat haat voorstaan, te verkondig, of wat op vooroordeel ten opsigte van ras, etnisiteit, geslag of godsdiens berus, aan te hang nie, - ons moet daarom die verantwoordelikheid aanvaar dat hierdie reg nie deur onsself of andere misbruik word nie, om nie leuens hieroor te verkondig nie en om seker te maak dat niemand anders daardeur beledig of seergemaak voel nie.

Glossarium

Dialoog – 'n wisseling van gedagtes of menings oor 'n bepaalde saak, veral 'n politieke of godsdienstige saak met die oog daarop om 'n vriendskaplike ooreenkoms of uitkoms te bereik.

Gelykheid – toestand of hoedanigheid wat op toestand van gelykheid dui. Ooreenkomste t.o.v. kwantiteit, graad, waarde, rang of potensiaal.

Implisiet – geïmpliseer, eerder as openlik gesê, implisiete toestemming, sonder voorbehoud, volle verantwoordelikheid, betroubaarheid.

Inklusiwiteit – wat alles, almal insluit.

Kommunikasie – die oordrag of uitwisseling van gedagtes, menings of inligting deur spraak, geskrif of beelde (tekens).

Produktiwiteit – wat die krag het om voort te bring; generatiewe, kreatiewe.

Respek – ontsag vir 'n reg, voorreg, posisie van voorrang, iemand of iets wat gemeen word sekere voorregte of hoflikheid toekom, erkenning.

Ubuntu – medemenslikheid in die sosiale en antropologiese filosofie wat die Afrika-gemeenskap inspireer.

Voorwaarde – wat iets voorafgaan, of noodsaaklik is vir 'n daaropvolgende uitslag of toestand.

Vryheid – die toestand van vryheid, eerder as om in aanhouding te wees.

Waardigheid – houding, optrede of spraak wat op selfrespek of op 'n waardering van die formaliteit of erns van 'n geleentheid dui.